*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Ossewabrandwag kyk deur 'n eenheidsbril na die volk.*

# Die O.B.

*Die partypolitiek kyk deur 'n verdelingsbril na die volk.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 21 JULIE 1943. No. 35.

## Verkiesingsoorwinning van Smuts Geen Nuwe Vraagstuk vir O.B.

### Bewys Gelewer van Partypolitieke Onmag Wat Meerderheid Laat Verloor

**Dit tref ons dat die dagblaaie en politici van die H.N.P. hul lesers en volgelinge geleidelik begin voorberei het vir 'n Empire-oorwinning na die jongste verkiesing. Nog voordat die uitslag bekend was, is gewys op die faktore wat die kanse vir 'n absolute H.N.P.-oorwinning hierdie keer ,,byna onmoontlik gemaak het".**

Maar dan kom die trooswoorde dat die H.N.P. sal wen ,,sodra die abnormale omstandighede van vandag", d.w.s. die oorlogsomstandighede verdwyn het, net ,,soos na die vorige oorlog" gebeur het. Met hierdie woorde van verskoning by voorbaat, word die K.G. se waarskuwing dat die H.N.P. hierdie verkiesing nie wou wen nie maar vir die nie-lewensgevaarlike naoorlogse tyd wil wag, dik onderstreep! Ons sal ongetwyfeld geleidelik meer en meer bevestiging van H.N.P.-kant kry vir die oordeel van die K.G. dat die H.N.P. hierdie verkiesing in die eerste plaas beveg het met die doel om die ander Republikeinse groepe sowel as die O.B. uit te roei en om dan ,,na die oorlog" alleen aan die bewind te kom.

Nou reeds word toegegee dat veldm. Smuts ,,soos die waarskynlikheid is", aan die bewind sal bly. Ons stem ,,Die Transvaler" geredelik toe dat veldm. Smuts hierdie oorwinning sal gebruik om die wêreld vol te vertel dat ,,die Uniebevolking ook destyds (met die oorlogsverklaring) pro-oorloggesind was". Ook die O.B. twyfel nie daaraan dat die Veldmaarskalk dit sal doen nie. **En die enigste metode om dit te voorkom was om die O.B.-aanbod van 4 Januarie te aanvaar. Dit het dr. Malan nie gedoen nie.**

Die O.B. moet dus volgens die handelwyse van die H.N.P.-leiding vóór die verkiesing en hul verskonings voordat die uitslag bekend is, aflei dat hulle 'n Smutsoorwinning met hierdie verkiesing as onvermydelik aanvaar het en dat die H.N.P.-leiding hom maar eintlik net wil klaar maak vir 'n na-oorlogse verkiesing. Hieruit volg twee allerbelangrikste feite, nl.: (1) **'n Volmondige erkenning deur die Republikeinse partypolitiek van 'n inwendige magteloosheid om, ten spyte van sy eie vasstelling dat die meerderheid van die kiesers in Sept. 1939 teen die oorlog gekant was, hierdie gunstige posisie gedurende die oorlog en wel met die verkiesing van Julie 1943, met sy stemwapen in belang van 'n Republikeinse heerskappy te beslis;** en (2) **dat die stemwapen alleen na afloop van die oorlog tot enige sukses kan lei.** Veral hierdie vasstelling verdien werklik 'n noukeurige ontleding. 'n Verkiesing ná die oorlog, soos tans in vooruitsig gestel word, is alleen moontlik **as die Geallieerdes die oorlog wen,** want dit gaan uit van die veronderstelling dat die Smutsregering dan nog aan bewind sal wees. Immers as Duitsland die oorlog wen en genl. Smuts verslaan is, sal daar vir hom nie nog tyd wees om verkiesings uit te skryf nie. **Ons moet dus aflei dat die H.N.P. op 'n Brits-Amerikaanse oorwinning reken.**

Die afgelope verkiesing, wat volgens die H.N.P.-politici op 'n Smutsoorwinning sal uitloop, het nou reeds gelei tot die erkenning van die magte-

(Vervolg op bls. 2, kol. 2)

## VROUE OPGEROEP TOT GROOT INSPANNING

### Laertrekking in Kaapstad

,,Ons het nog niks geoffer nie. Die meeste wat ons totsover kon doen was om 'n geldelike bydrae in belang van ons vryheid te gee," het genle. mev. J. S. du Toit, vrouehoof van die Wes-Kaaplandse Gebied, gesê by geleentheid van die laertrekking van vroue-offisiere op 16 Julie in Kaapstad, toe die insameling vir 8 Augustus onder bespreking gekom het. Genle. Du Toit het 'n dringende beroep gedoen en o.a. die geringe offers in die vorm van geld vergelyk met sulke offers soos Stalingrad waar dierbares afgegee is vir 'n volk. **Sy het ook gewys op moontlike gevare in die toekoms wanneer die Ossewabrandwag die belangrikste bolwerk daarteen sal wees. Of hy dit sal kan wees, hang egter af van die inspanning van alle Brandwagte om hom sterk genoeg te maak vir sy taak.**

Ongeveer tagtig offisiere het die laertrekking bygewoon, van wie sommige sover as Beaufort-Wes en Sutherland gekom het. Nuwe planne vir die toekoms is ook bespreek waarvan besonderhede in 'n latere uitgawe aangekondig sal word.

Gebiedshoofgenl. dr. F. D. du T. van Zyl het die volgende telegram aan die vrouelaer gestuur: ,,Onmiddellike taak Ossewabrandwag is rigting aan te dui uit eleksievertroebeling. Ons vra nie of iemand in 1943 gestem het of nie. Ons soek alle Afrikaners saam te snoer."

## PYNLIKE SEËNINGE VAN DEMOKRATIESE BEHEER

'n Ongekende vleisnood heers die afgelope weke in die groot stede van ons land. Talle huisgesinne — en veral die armes — moes al verskeie dae sonder vleis gaan. Allerhande redes word aangevoer soos by voorbeeld 'n tekort aan trokke en 'n tekort aan slagvee. Wat ook al die rede mag wees, die feit bly staan dat daar geruime tyd gelede deur ons demokratiese voorvegters so iets as 'n vleisbeheerraad aangestel is. Die resultaat van hierdie ,,beheer" was hongersnood sover dit húl arbeidsterrein betref.

'n Tyd gelede was daar weer 'n ongekende skaarste aan eiers, en pryse het opgeskiet tot 7d. per eier. Toe vars eiers daarna weer tot die mark toestroom, is die koelkamers ontsluit

(Vervolg op bls. 2, kol 3)

## GEEN BOTSING

**Die valsheid van die aanklag teen die Ossewabrandwag dat hy hom op partypolitieke terrein sou beweeg het, wat oorsaak was vir die bedanking van duisende lede, is tydens die afgelope verkiesing bewys toe die Volksbeweging geen eie kandidate in die stryd gestoot het nie. Sy lede was vry om te stem vir die kandidate wat daargestel is deur partye. Daar kan dus geen botsing tussen die O.B. en enige party ontstaan nie omdat die Ossewabrandwag die partye nie op hul terrein beveg nie.**

**Die vreesagtige aantygings van partyleiers twee jaar gelede dat die Ossewabrandwag 'n politieke party geword het, is dus op onweerlegbare wyse met die afgelope verkiesing geloënstraf. Die Ossewabrandwag se onskuld is bewys, en daarom stroom Afrikaners nou weer by die honderde tot sy geledere toe.**

## PORTRETTE VERLANG

Die Sekretaris van die Noodhulpfonds wil graag 'n portret hê van elke Afrikaner wat geïnterneer is of was. Sal almal wat portrette het dit asseblief stuur aan O.B.-Noodhulpfonds, Voortrekkergebou 406, Johannesburg? Die doel sal glo later bekend gemaak word.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ______________________

Naam ______________________

Adres ______________________

(O.B., 21 Julie 1943.) ______________________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

## Mense Stroom in Vrystaat toe tot Ossewabrandwag

**,,'n Algemene gees van ontwaking word waargeneem hier by ons," berig gebiedshoofgenl. J. F. van der Merwe uit die Vrystaat. ,,Talle kommando's rapporteer die toetreding van gewese O.B.-lede tot die geledere van die organisasie.**

**,,So is daar aansoek gedoen vir lidmaatskap deur persone wat in twee jaar nog geen nuwe lidmaatskapsfooi betaal het nie. Selfs in plekke waar die O.B. as dood beskou was, kom daar ontwaking en intekening. In Zastron, waar daar geen organisasie bestaan het nie, is offisiere benoem wat ywerig werk.**

**,,In Generaalskap C8 heers daar ook 'n nuwe gees en 'n algemene toestroming vind plaas. Hoofgenl. Uys rapporteer dat talle van persone kom aansoek doen vir lidmaatskap. 'n Prysenswaardige gees is ook opgemerk in kommando C8c2. Die kommando het die mooi bedrag van £60 gestuur vir die Noodhulpfonds. Alle lof verdien hulle vir hierdie mooi bydrae, wat 'n bewys is dat hulle dit in erns meen met die stryd teen Imperialisme."**

## Schoemanello Drank . . .

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraal-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


# Behandeling van Moeders in Ons Demokratiese „Paradys”

## Skokkende Teenstelling met O.B.-Beleid

**In die pers is onlangs 'n toestand geopenbaar wat 'n skreiende teenstelling bied met wat die Ossewabrandwag die volk voorhou as ideaal. Dit is die onmenslike behandeling waaraan verwagtende moeders onderwerp word wat kindertoerusting moet koop.**

Van sulke vroue word verwag om eers 'n doktersertifikaat te verkry wat dan getoon moet word aan die onsimpatieke vreemdeling aan die hoof van 'n besigheid wat uit die aard daarvan meer belang het in die ophoping van kapitaal as in die versorging van 'n volk se nageslag. Wanneer sy hierdie vernedering deurgaan het—d.w.s. indien sy twee ghienies tot haar beskikking gehad het vir die doktersfooi—moet sy toestorm om 'n plek te verower in 'n toustanery wat dikwels oor soveel ure strek dat dit die gestel van enige gesonde persoon geweld aan sal doen. Nadat sy hierdie geestelike en liggaamlike marteling ondergaan het, moet sy dikwels by die toonbank omdraai met 'n skouerophaling as haar enigste beloning, om die volgende dag maar weer van vooraf aan die spitsroei te deurloop. In menige geval moet so 'n moeder nog staan met 'n kind op die arms.

Handelaars probeer verskoning maak deur aan te voer dat die Regering nie betyds voorsiening gemaak het vir die invoer van kinderklere nie. **Voorkeur is gegee aan skeepsruimte vir die invoer van Argentynse wol en komberse, terwyl ons eie wol in pakhuise opgehoop en ons eie komberse na Indië verskeep word.**

Dit is so, en die Empire-bewind kan hierdie aanklag nie ontduik nie. Of dit die enigste rede is kan ons nie met sekerheid sê nie, veral nie waar diegene wat vir die „beheer” van allerlei benodighede verantwoordelik is, daardie posisies juis ontvang het uit hoofde van hul verkleefdheid aan die Empire-party nie. Ons het hier 'n toestand wat die produk is van demokratiese onmag en burokratiese gewetenloosheid binne 'n kapitalistiese staat. **Vir hierdie geldmakers is 'n moeder maar net 'n stuk klandisie wie se geld net soveel werd is as dié van 'n dorstige skollie.**

Die huidige bewind het 'n rykdom van noodmaatreëls waar dit die onderdrukking van die eie volk raak, maar hy staan magteloos of onverskillig waar dit die eer en roeping van die vrou en moeder aangaan. **In die gesagstaat van die Ossewabrandwag kan so iets nooit gebeur nie, want ons grondslag is die gesinslewe waarvan die moeder die middelpunt is.** „Gesonde gesinne is die waarborg vir 'n gesonde volk,” is ons slagspreuk **en daarom word die moeder deur die Ossewabrandwag beskou en behandel as die waardevolste kleinood van die volk.**

Dit is daarom met innerlike meegevoel aan die een en afsku aan die ander kant dat ons toeskou hoe daardie kleinood vertrap word onder die voete van maghebbers binne 'n staat waar die vrou tot 'n „staatsburgeres” verlaag is en waar harde kontant die enigste sleutel is tot selfbehoud.

## NATAL SLAAP NIE

Natal se Brandwagte sal nie deur 8 Augustus aan die slaap gevind word nie, volgens 'n brief van komdte. mev. A. Marais van Estcourt, waarin sy meedeel dat hierdie kommando op 8 Mei 'n funksie met die oog op Ossewabrandwagdag gehou het wat 'n skitterende welslae was, en dat daar nog hard georganiseer word om daarop te verbeter. Die Kommandante is 'n kleinkind van die bekende Voortrekker Marthinus Oosthuizen en sy doen 'n beroep op alle Brandwagte om in dieselfde gees saam te stry en te offer as wat die helde van die Van Rensburgkoppie geveg het.

## Malmesbury se Boerejeug Hou Basaar

Die Boeredogters van Malmesbury gaan aanstaande Vrydag (23 Julie) 'n basaar hou van goed wat hulle uit afvalmateriaal vervaardig het. Hierdie flukse groep dogters is sedert Maart al besig met 'n veldtog teen verkwisting en waardevolle goed het onder hul hande vorm aangeneem. Die opbrengs van die basaar gaan vir 8 Augustus. Verlede week het hulle £3 gestuur vir die Noodhulpfonds. Hulle het 'n stelsel waarvolgens elke dogter verplig is om weekliks drie pennies te verdien deur arbeid, wat dan in die kas gestort word. Sommige skrop vloere en een het selfs 'n hoenderhok gemaak. Hierdeur toon hulle dat werk 'n eer is. Die idee is om ook hulp te verleen aan ou mense en andere wat nie voldoende hulp het nie. In die verlede het hulle gereeld sangaande gehou en van aanstaande week af gaan hulle ook volkspele hou.


Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.


## VERKIESINGSOORWINNING VAN SMUTS

(Vervolg van bls. 1)

loosheid van die Republikeinse partypolitiek om **gedurende** die oorlog ons vryheid te bring en het in die tweede plaas getoon dat hierdie partypolitiek sy hoop op 'n Brits-Amerikaanse oorwinning vestig, om dan ná die oorlog die eerste verkiesing te wen. **Hierdie Republikeinse partypolitici vergeet egter dat ná 'n Brits-Amerikaanse oorwinning Suid-Afrika as afsonderlike staat nie meer sal bestaan nie—dit sal dan maar 'n onderdeel vorm van die sg. Gefedereerde State van Afrika, onder Amerikaans-Britse invloed.**

Aangesien die O.B. van die begin van die oorlog die demokratiese partypolitiek as bevrydingswapen verwerp het—juis vanweë die inwendige magteloosheid daarvan wat so pas weer bewys is—en aangesien die O.B. totnogtoe geen werklike Geallieerde oorlogsukses kon waarneem nie, **beteken 'n verkiesingsoorwinning van veldm. Smuts vir hom geen nuwe vraagstuk nie.** Dit is geen openbaring van 'n innerlike swakheid binne die Volksbeweging nie en word nog minder deur die O.B. as 'n werklike oorwinning aanvaar. As 'n verkiesingsoorwinning van die Smutsbewind vir die O.B. egter iets geopenbaar het, dan is dit die toenemende innerlike swakheid van hierdie bewind. 'n Smuts-oorwinning soos hierdie sal daarom eerder bydra om die vertroue van die O.B. in die eindoorwinning van die Afrikanerdom te verhoog en te versterk. Immers, die jongste verkiesing, al loop dit uit op 'n oorwinning vir die Empirebewind, het sy innerlike swakheid en verdeeldheid, die gesmoorde teleurstelling in sy eie geledere en bo-al sy geestelike armoede en bankrotskap ten duidelikste tot uitdrukking gebring.

Met verskerpte drastiese uiterlike maatreëls kan hierdie innerlike toestand nie versluier word nie. **As die O.B. verder die tekens van groeiende spanning tussen die Geallieerdes hierby in aanmerking neem, dan aanvaar hy sy eie bevrydingstaak, ten spyte van propagandistiese skynsuksesse, binnesowel as buitelands, met nog groter vasberadenheid en selfvertroue as ooit voorheen.**

## PYNLIKE SEËNINGE

(Vervolg van bls. 1, kol. 1)

en duisende kiste opgegaarde eiers moes inderhaas op die mark gegooi word vir elfderuurse mededinging. Ook hiervoor was 'n beheerraad aangestel. Gelukkig het van die eierorganisasies ná hierdie debakel aangebied om die beheerraad in die vervolg van deskundige advies te dien!

Ons verwys ook na die vernietiging van twee miljoen sakkies lemoene deur 'n soortgelyke beheerraad verlede jaar ten einde goeie pryse te handhaaf! Ons volk kry inderdaad genoeg geleentheid om die seëninge van die demokrasie aan eie lyf te ervaar.

## KIRKWOOD SORG VIR NOODHULPFONDS

In Kirkwood is die drama Afrikanerharte opgevoer ten behoewe van die Noodhulpfonds. Dit het die ondersteuning van alle Afrikaners geniet, en was deurgaans 'n groot sukses.

Die opbrengs van £45 word in die Noodhulpfonds gestort.—(Meegedeel.)

## GROOT GEESDRIF OP O.B.-BASAAR

Die Ass.-Veldkornetskap van Hazenjacht, met medewerking van hul Kommandante, het op Saterdag, 26 Junie, 'n baie geslaagde Basaar gehou in verband met hul bydrae vir Ossewabrandwagdag, 8 Augustus. Mev. A. H. de Beer, ass.-veldkte vir die wyk Waaikraal-Dysselsdorp, het ook fluks gehelp. Die geesdrif was so groot en die samewerking so pragtig, dat binne één uur die mooi bedrag van £50 ingesamel was.

'n Vet geslagte hoender is opgeveil en het die bedrag van 30/- ingebring, terwyl 'n mooi versierde koek op dieselfde manier £3 behaal het.

As die droogte-toestand hier in die omgewing in aanmerking geneem word, moet 'n mens waarlik sê, dis maar net die O.B. wat sulke prestasies kan lewer.

Hoofgenl. Jurgens Schoeman en hoofkomdt. P. P. Schoeman was ook teenwoordig.—(Meegedeel.)


*Maak Kennis met die*

# Nuwe Volkspele

Opgestel deur Hester Morrison

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

M. L. de Villiers

Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika.”

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,

PRO ECCLESIA-DRUKKERY

Posbus 28, Stellenbosch

of by u Boekhandelaar.

Voeg DIE DAAD by DIE WOORD

Rook

Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.

*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

Damesuitrusting

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

VOLKSKAS

is u eie Bank!

31 Takke

VOLKSKAS (Koöp.) BPK.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

Hoofkantoor: VOLKSKAS-gebou Sentraalstraat PRETORIA




Die Volk se Bank

# O.B.-Lede het Slegs Teen Empire Geveg

## Verkiesingsuitslag Geen Blyk Van Vertroue in Partye

Tydens die verkiesing het ons van alle politieke partye verneem dat op 7 Julie die allerbelangrikste beslissing in die geskiedenis van ons land gedoen sou word. Ons, lede van die Ossewabrandwag, het van harte gehoop dat dit die geval sou wees. Ons wat fanatiek nasionaal is, daarvan getuig byna 'n halwe duisend van ons lede wat tussen die doringdrade van die Empirebewind opgesluit is, ons wou baie graag op 7 Julie 'n totale kragmeting van ons volk teen die oorlogsondersteuners bewerkstellig het. As hierdie kragmeting in ons guns uitgeloop het, was ons ook ten volle bereid om die uiterste konsekwensies daarvan te aanvaar — al het dit 'n gewapende Engels-Amerikaanse inval in Suid-Afrika meegebring. Ons is voorwaar nie net in naam soldate van die Republiek nie, want ons is bereid om as soldate ons vryheid te handhaaf en te verdedig, wat die offers ook al mag wees. Ons is immers bereid om ons eenheid, wat deur 'n gemeenskaplike vryheidsdaad tot stand kom, te beskerm met ons bloed en arbeid. Vir ons is die vooruitsig van 'n beslissende daad teen die vyand werklik dodelike erns. Ons kan soiets nou eenmaal nie as 'n goeie geleentheid beskou om ons medevegters uit te oorlê of uit te maneuvreer nie. En as dit blyk dat die beroep van partypolitici op ons om te veg teen die vyand met die oog op 'n eindbeslissing, en dit deur gebruikmaking van 'n wapen wat vir ons swak en ondoeltreffend skyn, uitloop op 'n skyngeveg teen die vyand met die oog op eie partypolitieke gewin, dan word voorwaar alle perke van goedgelowigheid oorskrei. **Reeds tydens die verkiesingsveldtog het ons van die kant van H.N.P.-politici verneem dat die vernaamste doel van die verkiesing is om te bewys dat die oorgrote meerderheid van die Afrikanerdom die H.N.P. ondersteun, dat die eenheid van die Afrikanerdom dus binne die H.N.P. verwesenlik is en dat alle ander politieke groepe, waaronder die O.B., bloot oortollige skeurgroepe is. Die verkiesing moet toon dat die H.N.P. die enigste volksverteenwoordigende politieke organisasie van die Afrikanerdom is en dat alle ander Republikeinse organisasies dus geen reg van bestaan het nie. As bewys hiervoor moet die verkiesingsuitslag dien!**

Let wel, die Brandwag word gevra om ten spyte van die feit dat H.N.P.-leiers en kandidate vyandig staan teen die O.B., tog vir die H.N.P. te stem teen die vyand. Om dit te vergemaklik swyg hulle sowel as hul pers voor die verkiesing oor die O.B. en verseker sommige van hulle selfs dat hulle nooit weer teen die O.B. sal optree nie. Hulle lê slegs klem op die geveg teen die Empirebewind. Die Brandwag wat aanvaar dat hulle die stryd teen die Empirebewind sonder enige bybedoelings teen die O.B. aandurf, sluit hul oë vir die persoon en party van die kandidaat — hoe min hulle ook al van hom hou — en stem vir hom sodat nie die Party, maar wel die Afrikanerdom die oorwinning oor die Empirebewind kan behaal. Die Brandwag handel dan tegoedertrou omdat hy fanatiek nasionaal is en omdat hy die partypolitikus wil help om die stemwapen, waaraan hy self geen waarde heg nie, met alle mag en krag teen die Empire te hanteer. **Terwyl hy homself so verloën met omdat hy die vyandige partypolitikus nie alleen geen steen in die weg wil lê nie dog inteendeel die volle stem en geleentheid wil gee om te bewys wat die waarde van sy stemwapen is, ja, terwyl hy hierdie offer vir selfs die geringste moontlikheid van eenheid en vryheid bring, hoor hy al dat die uitslag van die stryd sal toon — nie dat die Empirebewind verslaan is nie, maar dat die H.N.P. die enigste politieke organisasie is wat die Afrikanerdom met reg kan verteenwoordig! Die uitslag sal dan bewys dat nie die vyand verslaan is nie maar dat die H.N.P. die stryd teen mede-Republikeine gewen het!**

(Vervolg op voet volgende kol.)

## 'N VOLK IN BEWEGING KYK NA DIE TOEKOMS



*Net soos tydens die swart verkiesing in Mei 1938 het ons volk in die afgelope weke weereens tot stilstand gekom in 'n dodelike broedertwis. Op die ashoop van ons volksverlede is daar gaan soek na foute en skandes waarmee mede-Afrikaners beskimp en beklad kon word. Uit hierdie roemlose woeling en rondwenteling is gebore 'n stille kruisie wat weer net so aan die vergetelheid oorgehandig sal word soos dié een wat ons vyf jaar gelede met soveel onstuimigheid agter 'n kandidaat se naam gaan trek het. Baie van ons het al vergeet wie die kandidaat was.*

*Maar net soos in 1938 toe ons volk uit hierdie koerslose rondmaling weer in beweging gebring is deur die Ossewatrek en dadelik al ons kleinlike twiste en griewe vergeet het — saam met die kruisie — net so gaan ons volk nou weer op 8 Augustus in beweging kom wanneer Ossewabrandwagdag gevier word en ons weer die oog na die toekoms gaan wend.*

## BOERE-GENERAAL WEIER HULP VAN BUITE

In die Tweede Vryheidsoorlog het ons volk 'n harde slag ontvang weens die oorgawe van genl. Piet Cronjé aan die Modderrivier. Ruim vyfduisend burgers is hier aan die vyand uitgelewer as gevolg van die koppigheid van 'n Boere-generaal. Na verklaar word, was die posisie van genl. Cronjé nie so hopeloos dat dit 'n oorgawe geregverdig het nie. Van buite het ander Boere-voormanne met genl. Cronjé in verbinding getree en aangebied om hom te help. Dit is bekend hoe die beroemde Danie Theron sy knieë deurgekruip het om 'n boodskap van genl. De Wet aan genl. Cronjé af te lewer waarin genl. De Wet aanbied om 'n pad van buite deur die vyand oop te skiet waardeur genl. Cronjé kon ontkom.

Uit blote koppigheid het laasgenoemde egter geweier om gebruik te maak van die hulp en weens hierdie koppigheid van een voorman moes die hele volk boet. Moedeloosheid het daarna soos 'n verterende vuur die geledere van die Boeremagte uitgedun, en niemand kan vandag ontken dat hierdie terugslag deels verantwoordelik was vir die uiteindelike nederlaag van die Republieke nie.

Het daar nie weer presies dieselfde gebeur in ons huidige stryd teen die Imperialisme nie?

Die Ossewabrandwag het, figuurlik gesproke, sy knieë deurgekruip in 'n poging om van nut te wees in die stryd. Sy aanbod is van die hand gewys en ons volk is verbrokkeld na sy nederlaag gelei.

Die geskiedenis het homself herhaal.

(Vervolg van voorgaande kol.)

Mag hierdie stemme van H.N.P.-kant wat ons reeds tydens die verkiesing gehoor het, nie ná die verkiesing weer hoorbaar word nie. Vir hierdie doel het die Brandwag voorwaar nie met toe oë vir H.N.P.-kandidate gestem nie — hy het net die Empirevyand en die stryd teen hom in die gedagte gehad.

Die Brandwag wat die woorde en beloftes van die Republikeinse partypolitikus tegoedertrou aanvaar het, sal net met één bewys daarvoor tevrede gestel kan word, nl. 'n beslissende oorwinning oor die Smutsbewind. **Alle ander soort oorwinnings sal net meebring dat hy vir altyd en in alle omstandighede sy rug op die partypolitiek keer.**

## O.B.-NOODHULPFONDS

Onderstaande staat van inkomste en uitgawe tot 30 Junie 1943 word deur die Sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds verstrek:

INKOMSTE.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. | £27,027 | 11 | 7 |
| Mei 1943 .. .. .. .. | 1,066 | 1 | 10 |
| Junie 1943 .. .. .. | 3,078 | 14 | 5 |
| | £31,172 | 15 | 10 |
| UITGAWE .. .. .. | £31,248 | 5 | 7½ |
| DEBET .. .. . | £75 | 9 | 9½ |

## *JEUGOFFERS*

Engela du Plessis van Môreson (Potgietersrust) het £1 gestuur vir die kindertjies wie se pappies in die interneringskamp sit. 10/- het sy uit bier gemaak wat sy aan Jukskeispelers verkoop het, 5/- het maatjie Miemie le Roux uit raaisels gemaak, en 5/- het Cathrina Swanepoel gekry van pampoene wat sy verkoop het.

## O.B. EEN GROOT FAMILIE

Die Ossewabrandwag is één groot familie. Ons besef dit elke dag wanneer ons met ander O.B.-lede, al is dit voorheen onbekendes op vreemde plekke, in aanraking kom.

Omdat ons in die O.B. één groot organiese gemeenskap vorm wat deur bande van bloed en 'n gemeenskaplike lotsbestemming aan mekaar gebind is, stel elkeen van ons belang in die wel en wee van ons mede-Brandwagte al het ons nog nie vantevore persoonlik kennis gemaak nie. Net die wete dat iemand 'n Brandwag is, is vir sy mede-Brandwagte genoeg om hulle te laat belangstel. Dit is hierdie pragtige gees in die O.B. wat nie anders kan as om die agting en bewondering van vyand en vriend af te dwing nie.

Ons doen dus 'n beroep op offisiere en Brandwagte om die lotsgemeenskap binne die O.B. nog verder te versterk deur die aankondiging van verlowings, huwelike, geboortes, sterfgevalle en aandenkinge. Hul mede-Brandwagte stel belang daarin net soos 'n familielid in 'n ander familielid se welsyn belangstel. Maak gebruik van *Die O.B.* se advertensiekolomme vir persoonlike aankondigings, want elke O.B.-lid soek juis daar vir mededelings in verband met mede-Brandwagte. Deur 'n persoonlike advertensie in *Die O.B* versterk ons nie alleen die gemeenskapsgevoel nie, maar ons steun daardeur ook ons blad finansiëel. Die tariewe vir sulke persoonlike aankondigings verskyn gewoonlik bo-aan die kolomme vir geklassifiseerde advertensies in *Die O.B.*

Langs hierdie weg wil ons ook 'n beroep op Kommandante en ander offisiere en Brandwagte doen om plaaslike goedgesinde Afrikaanse besighede aan te moedig om in *Die O.B.* te adverteer. Ons blad het reeds 'n eersterangse verspreiding opgebou sodat dit beslis 'n lonende advertensiemedium is. Die tarieflys en kontrakvorms kan aangevra word van:

Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk., Posbus 4892, Johannesburg. Of van

Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## *Tekens van die Toekoms*

'n Engelse dame wat 'n geesdriftige ondersteuner van die oorlog blyk te wees, het onlangs in 'n gesprek aan 'n ander Engelssprekende vertel van haar seun wat in die Britse vloot saam met 'n paar ander Suid-Afrikaners is, en wat met mekaar Afrikaans praat om aan die Britte te toon dat hulle ,,bietjie anders'' is.

Volgens berigte uit die Noorde wil dit voorkom of hierdie taaltrots hom oral in die leër openbaar waar die Suid-Afrikaanse Engelse kennis maak met die hooghartigheid van die Empire-Herrenvolk uit ,,Home''.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 763 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.




## KOOP U EIE

O.B.-Skryfblok .. .. .. 2/6 elk.
O.B.-Musiekbundel .. 2/6 „
K.G.-Portret .. .. .. 1/- „
K.G.-Knopies .. .. .. 1/- „
Vierkleur-Vlaggies .. 1/- „

## KENNIS IS MAG ! !

Lees:

(1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen .. .. .. .. 1/- elk.

(2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk 9d. elk.

(3) Drie toesprake van die K.G. oor
a. Parlementsverkiesing
b. Die Soldate
c. Die Kommunisme .. 9d. elk.

(4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. .. .. .. .. .. 6d. elk.

**OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:**

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) 9d. elk.
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat .. .. .. .. .. .. 9d. „
3. Toekomstige ordening van die Volskbeweging in S.A. 9d. „
4. Die Vooraand van ons Vrywording .. .. .. .. 9d. „

**Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.**

Bestel dadelik u voorraad by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

## O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede ! !

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

*Prys 2/6 Posvry.*

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

Publicité
Handelsreklamediens
(Edms.) Bpk.
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**



# Een Gebore

Die Afrikanerdom is één gebore! Hierdie blye waarheid wat deur mnr. Dirk Mostert in een van sy toesprake tydens die verkiesing beklemtoon is, word so dood gesmoor deur pessimistiese uitings soos „ons arme verdeelde volk" dat meeste van ons al 'n verlammende gevoel van minderwaardigheid ontwikkel het. Die gedurige geskreeu om eenheid — waaronder „hereniging" of „vereniging" en dies meer verstaan word — het dit al by ons volk laat posvat dat hy van nature onbekwaam is tot eenheid. Die eienaardigste van alles is dat toe die Ossewabrandwag hierdie eenheidsfeit beklemtoon het, hy hom juis die oordeel oor die hals gehaal het van die eenheidskreeuers. Die standpunt van die Ossewabrandwag, wat in die Elsburgse toespraak van sy leier uitgebasuin is, was en is eenvoudig: **ons volk bestaan nie uit Natte of Sappe of Nasionaalsosialiste nie, maar hy bestaan uit Afrikaners, en daarom is alle goeie Afrikaners, ongeag hul partyverband, welkom binne die Ossewabrandwag.**

Hierdie taal kon die partypolitici nie begryp nie, want hulle het onder eenheid nog altyd verstaan die lidmaatskap van 'n bepaalde party — die eie-party. Van „Sap"-kant is alle „Nattes" beskou as buite die gloed van volkseenheid, en van „Nat"-kant is alle „Sappe" as „hanskakies" bestempel wat na die vyand oorgeloop het. Wat 'n dwase en verwoestende opvatting van volkseenheid!

**Toe kom die Ossewabrandwag met sy idee van die onveranderlike bloed as maatstaf vir eenheid en nie die toevallige lidmaatskap van 'n kunsmatige politieke versameling nie, daardie idee wat sê: die Afrikaner wat verkeerd stem, is nog nader aan my as die Jood wat reg stem.** En omdat die Ossewabrandwag hom op hierdie breë en natuurlike grondslag gestel het, kon hy sy arms oopmaak vir elke Afrikaner wat 'n waardige draer is van die Afrikaanse bloed, ongeag of daardie Afrikaner toevallig aan 'n party behoort wat die Britse, Duitse of selfs kommunistiese belange bevorder. **Want selfs die Afrikaner wat vandag weens die wreedheid van die kapitalisme in die arms van kommunisme gedryf is, word nie deur ons verstoot as renegate nie, maar word met die medelye bejeën van bloed wat tot bloed roep.**

Van Partypolitieke kant is onlangs gedreig met 'n nuwe eenheidsoffensief. Die uitgangspunt van hierdie mense is dat ons volk slegs dan 'n eenheid sal vorm wanneer ons almal binne een party sit en alle ander organisasies vernietig sal wees! **En vir dertig jaar lank word in naam van hierdie opvatting al gepoog om ons volk te „verenig" sedert die enigste Afrikaanse party in 1912 in twee gesplits het. En die enigste resultaat wat hierdie yweraars vir „ware" eenheid behaal het, is dat daar vandag nie minder nie as agt of nege politieke groepe is waartussen die Afrikanervolk verdeel is.** Hierdie eenheidsoekers moet vandag aanskou hoe hul metode in die kort bestek van dertig jaar **'n enkele politieke groep laat aanwas het tot 'n menigte van nege. En nog is hulle so vol moed vir hul „eenheidspoging" dat hulle die groot en waaragtige eenheid binne die Ossewabrandwag twee jaar gelede verwoes en die afgelope verkiesing aangegryp het as 'n middel om die vernietigingswerk te voltooi!**

Maar ons volk het juis uit hierdie onsalige stryd, waar broederskap en eerbaarheid opgekap word vir partypolitieke aas, tot die oortuiging gekom dat ons al die jare agter 'n skaduwee aangeloop het terwyl ons volk nog nooit anders as één was nie omdat hy één gebore is.

Die Ossewabrandwag staan op die grondslag van eenheid kragtens geboorte, en daarom kan hy die arms van broederlike omhelsing uitstrek na alle goeie Afrikaners, ongeag hul partyverband en ongeag die rooi lus op hul skouers. **En daarom maak dit nie vir hom saak of 'n lid terselfdertyd ook aan 'n politieke party behoort nie. Die Ossewabrandwag se lede kan ongestoord aan ander politieke groepe behoort, want ons grondslag is die bloed in die are en die gesindheid van die hart, ja tot so 'n mate dat ons ook vandag reeds daardie Afrikaners as lede beskou wat ons nog beveg** — onverklaarbaar vir die partypolitiek wat sy lede met eedafleggings belet om aan ander organisasies te behoort, maar doodeenvoudig vir die man wat nadink **dat die bloed wat deur sy are bruis dieselfde is as dié in die are van die Afrikaner in die „ander party", en dat ons volk op grond daarvan reeds 'n eenheid vorm.**

# Min of Meer Belangrik

### *Aan die Afspeen?*

In The Forum van 10 Julie word daar beswaar gemaak teen Churchill se onlangse verwysing na „sentiment en tradisie" as die vernaamste bande wat die Britse Ryk aanmekaar hou, veral sover dit Suid-Afrika betref. Die blad verklaar dat dit hoofsaaklik praktiese oorwegings is wat Suid-Afrika aan die kant van Engeland aan die oorlog laat deelneem het, en dat dit dieselfde oorwegings is wat hom 'n lid van die Britse Statebond laat bly. Kapsie word dan ook gemaak teen die benaming „Empire" wat Churchill gebruik. Die blad verkies liewer die woord Statebond omdat Suid-Afrika „niks hou van die woord Empire nie en niks te doen wil hê met imperialisme nie".

Die reaksie teen die Britse aanmatiging wat in die praktyk — anders as in hul soetsappige woorde — op verteenwoordigers van die dominiums neersien as blote „colonials" het dus na vier jaar van oorlog al in hoër kringe as net by die soldate begin deursyfer. Ons vorder.

* * *

### *Soldate Dink O.B.*

Volgens in die pers berig word, het een-derde van die soldate in die Unie — en dus binne bereik van die stembus — buite stemming gebly in die afgelope verkiesing.

Waar 'n buitengewoon groot deel van die soldate reeds ondersteuners van die Ossewabrandwag is, en hulle deur die kiesstelsel vir soldate genoodsaak was om juis vir **partye** en nie vir persone nie, te stem, is hierdie demonstrasie 'n klinkende uitspraak van wantroue in die partypolitiek en 'n duidelike onderstreping van die Ossewabrandwagbeleid. Talle gevalle is bekend waar selfs Engelssprekende soldate openlik al praat van die Ossewabrandwag as die enigste faktor wat weer redding uit die oorlogschaos kan bring.

* * *

### *Koors Weer Normaal*

Kensketsend van die gevoel waarmee O.B.-lede hul stemme vir vyandiggesinde kandidate uitgebring het, is die volgende aanhaling uit 'n brief van 'n Brandwag: „Ek mag u wel meedeel dat my vrou en ek albei gestem het, teen ons voornemens om nie weer te stem nie. Ek is uiters teleurgestel daarmee".

* * *

### *Wins vir Eenheid*

Die afgelope verkiesing wat deur sommige politici aangegryp was as 'n middel om hulpbiedende republikeinse organisasies te vernietig, het geblyk 'n gedugte oorwinning te wees vir die gedagte van eenheid. Tydens die verkiesieveldtog het talle kandidate ten spyte van die voorsorg wat met behulp van ede en verklarings getref is om so iets te voorkom, beloftes afgelê om nie weer hul mede-Afrikaners te beveg nie. Behalwe dié wat ons reeds genoem het in vorige uitgawes, het ook mnr. D. J. Morkel, H.N.P.-kandidaat in Hottentots-Holland, onderneem om „beslis nie teen die O.B. te veg nie". Waar sulke versekerings gegee is, het O.B.-lede met vrymoedigheid hul steun toegesê. Enkeles daarenteen wou geen versekerings gee nie, o.w. mnr. Eric Louw van Beaufort-Wes en mnr. S. E. Warren van Swellendam.

### *Handhawing*

Die Skakelkomitee van Bloemfontein het 'n program van aksie opgestel wat voorsiening maak vir doelbewuste handhawing van Afrikaans in alle omstandighede. O.B.-lede — en selfs hulle wat tot bedanking mislei is — sal hulle nog kan herinner watter lofwaardige resultate 'n paar jaar gelede behaal is, veral in ons groot stede, toe die Ossewabrandwag met sy kragtige omvang so 'n veldtog in belang van Afrikaans op tou gesit het. Waar hierdie goeie werk as gevolg van partypolitieke afguns belemmer is, sal so 'n stap allerweë verwelkom en van O.B.-kant ondersteun word.

* * *

### *„Stem" met 'n Daad*

„In plaas van vandag 'n kruisie te trek, stuur ek u liewer 'n bedraggie vir die Noodhulpfonds," lui 'n briefie wat £2 10s. na die Hoofkwartier vergesel het.

## *BOEREJEUG BEDRYWIG OP STELLENBOSCH*

Ons Boerejeug-kommando op Stellenbosch bestaan uit 50 dogters. Hoewel dit moeilik gaan om die kommando bymekaar te kry weens die baie bedrywighede van die dogters, o.a. musieklesse, sport, Voortrekker-byeenkomste ens., probeer ons tog om ten minste éénkeer per maand bymekaar te kom. Van nou af gaan ons merke vir getroue bywoning van vergaderings toeken: **1** as die dogter teenwoordig is, ½ as daar 'n bevredigende briefie van verskoning geskryf word, en **0** as sy afwesig is en geen briefie skryf nie.

By die vergaderings word liedere uit die O.B.-bundel aangeleer. Meesal word een of ander Afrikaner-held behandel, o.a. was Elsabe Nel, Japie Greyling, Danie Theron en Jopie Fourie al behandel.

Verlede jaar was ons dogters baie fluks op 8 Augustus en het die mooi bedraggie van £15-6-9 bymekaar gebring. Ons hoop dit gaan vanjaar net so goed of nog beter. Onlangs het 'n klompie van die dogters by die Veldkornette se huis op Saterdagoggende bymekaar gekom om lap-poppe te stop vir die basaar.

Gedurende die lang naweek, 22-26 April van hierdie jaar, het 12 dogters gaan kamp op die Stellenbosse O.B.-terrein, 'n paar myl buitekant die dorp. Hulle was onder goeie toesig. Die kampfooi was 5/- elk, maar daar 'n goedgesinde slagter die vleis vry verskaf het, kon 'n paar dogters gratis saamgaan. Naby hulle was ook 'n O.B.-kamp vir seuns, en saans het die klomp om die kampvuur gesing, speletjies gespeel ens. Hoewel die weer ongunstig was, was die geesdrif groot, sodat hulle dit buite die kwessie geag het om voor die tyd om was, terug te keer. Hulle praat al weer van 'n volgende kamp.—(Meegedeel.)

## *VERJAARDAGKETTING*

**22 Julie:** Willie Grové (Diamantdoorns), Hendrina van Heerden (Vryburg); **23 Julie:** Maggie Klue (George), Niklaas van Rensburg (Beaufort-Wes), Charles Kohler (Port Elizabeth), Lucia Schmutzer (Grassy Park); **24 Julie:** Andre v. d. Spuy (Noorder Paarl), Jacoba Theart (Woodstock), Maria van Rensburg (Kirkwood); **25 Julie:** Elizabeth Meyer (Vryburg), Hendrika Basson (Wellington), Thomas Ross (Kirkwood), Jannie Ungerer (Kirkwood); **26. Julie:** Arend Hofmeyer (Upington), Reeder von Wielligh (Paarl); **27 Julie:** Robert Young (Vryburg), Adriaan Jordaan (Sutherland), Josef Faul (Upington), Andries Reneke (Upington), Gwendoline van Eck (Port Elizabeth), J. I. de Lange (Somerset-Oos); **28 Julie:** Sofie Lombaard (Malmesbury), Andre du Toit (Stellenbosch), Fanny Deupers (Noorder Paarl), Hester Laubscher (Noorder Paarl), Christiaan Erasmus (Merweville), Elsie Olivier (George), Gawie Steyn (Malmesbury), Monica Engelbrecht (Bellville-Suid).



*Bostaande foto toon die pragtige kissie met glaswande waarin 'n volledige stel Krugermuntstukke ingelê is, en wat deur mnr. I. H. L. Minnaar van Woodstock aan die Ossewabrandwagfonds geskenk is. Dit sal gaan na die hoogste aanbod wat die Wes-Kaaplandse Gebiedskantoor (posbus 1411, Kaapstad) voor of op 8 Augustus bereik. Heel links is 'n pennie; die groot muntstuk in die middel is 'n kroon (5s.) en regs lê 'n goue tiensjielingstuk en 'n pond.*

# „Tien Beginsels as Eenheidsbasis Genoem deur Mnr. Dirk Mostert

## Partystelsel Verwerp as Bron van Skeuring

**Eenheid op beginsels en nie „hereniging" of „vereniging" nie, die leiding van 'n enkeling uit die volk en nie die massa nie, die vervanging van die demokratiese partystelsel (wat verantwoordelik is vir ons volksverskeurdheid) deur 'n nuwe stelsel waarin die menigte nie seggenskap sal hê oor die lotgevalle van die minderheid van blan-kes nie, is punte wat deur mnr. Dirk Mostert as grondslag gestel is vir Afrikanereenheid by geleentheid van sy laaste toespraak in Vasco die aand voor die verkiesing.**

Mnr. Mostert was die H.N.P.-kandidaat in daardie kiesafdeling en deur sy ondubbelsinnige pleidooi vir die beginsels waarvoor die Ossewabrandwag hom beywer, het alle O.B.-lede vir hom gestem en gewerk.

Mnr. Mostert het ingewillig om self die punte soos hy dit in sy toespraak beklemtoon het, op skrif te stel vir die O.B. „sodat", soos hy verklaar, „hulle dit kan publiseer en voortgaan om die eenheid te herstel". Hy het verklaar dat hy hom verheug dat hy nooit op sy broers geslaan het nie maar steeds gesoebat het vir eenheid. **Toe hy sy benoeming as kandidaat aanvaar het, het hy met die Partyleiding van Vasco ooreengekom dat hy sal weier om in die stryd teen 'n gemeenskaplike vyand op sy broer en suster te slaan.** Toe hy met die plaaslike leiers van die O.B. in aanraking gekom het, het hy bevind dat hulle almal 'n seer plekkie in die hart gevoel het, op die oorsake waarvan hy nie wil ingaan nie. Ten einde te voldoen aan sy onderneming om hom vir eenheid te beywer, noem hy die volgende tien beginsels waarop eenheid bewerkstellig kan word. Daarmee bedoel hy nie „hereniging" of „vereniging" nie, want in sy siel is ons volk reeds een. Ons haal woordeliks aan:

„1. **Moedertaal-onderwys:** Ons staan gekant teen die skool waar ons kinders hul erfenis moet deel met ander nasies en rasse. My woorde was: **‚Ek is deur my moeder nie vyftig persent in die wêreld gebring nie, maar honderd persent, en wat my eie is moet honderd persent myne wees.'**

„2. **Segregasie:** Kleur en ras in Suid-Afrika staan geskei deur die bloedstreep wat Frederik Bezuidenhout getrek het met sy eie bloed; en oor daardie streep wil ek nie stap nie. Met Segregasie aanvaar die Afrikaner voogskap oor die ander rasse wat hul tuiste hier het; en ek onderneem om reg aan hulle te laat geskied. Ek het hulle genoem: ‚my dienskneg en my diensmaagd en die vreemdeling wat in my poorte verkeer, maar in my binnekamer mag hulle nie verkeer nie.'

3. **Calvinisme:** Die grondslag vir ons trek op die pad van Suid-Afrika is die kinderlike, Calvinistiese vertroue in die leiding van God, die beginsels van die Afrikanernasie soos hulle gebore is uit smart en angs, en ten derde die gewete van die Afrikaner soos hy bereid sal wees om verantwoording voor God te doen.

„4. **Ideïsme: Die leiding van die nasie en die uitvoering van sy beginsels onder die bestuur van God, moet geskied onder die leiding van 'n individu wat geroepe sal word uit die nasie en nie van verre nie. Daarom kan ek daardie selfde leiding nie ook in die hande laat van die massa nie. Dit beteken dat die huidige uitgediende Demokrasie, soos dit nog bestaan in Suid-Afrika en soos dit hier ingevoer is deur die handlangers van die Empire, nie langer sal kan bestaan nie. 'n Nuwe stelsel, gevestig op ons beginsels, sal ingevoer moet word, sodat die menigte van Kleurlinge en Naturelle geen seggenskap sal hê in die lotgevalle van die minderheid van Blankes nie.**

„5. **Partye: Geleidelik moet die partystelsel verdwyn, want dit is oorsaak van gedurige skeuring tussen Afrikaners wat saamhoort.**

„6. **Die Ideologie:** Al die volksvreemde ‚-ismes', soos kapitalisme, liberalisme, kommunisme, ens., moet heelhuids verwerp word.

„7. **Maatskaplike Stand:** Net soos baie ondernemings reeds deur die Staat beheer word (spoorweë, poswese, radio, Iskor, Reserwebank, produktemark), so moet ook die mynwese, bioskope, vermaaklikhede en ander sleutelbedrywe onder die beheer van die Staat kom.

„8. **Christelik en Nasionaal:** Die nuwe bedeling moet geheel Christelik en Nasionaal wees.

„9. **Die Konneksie: Die Konneksie met Engeland moet geheel verbreek word, en in die plek daarvan moet vriendskaplike bande aangeknoop word met bevriende nasies.**

„10. **Republiek:** Die uiteindelike doelstelling is 'n staat wat die vorm van 'n Republiek sal aanneem. Dit mag geen ander staatsvorm wees nie.

„Op hierdie tien beginsels kan elke Afrikaner uit al die verdeelde groepe vandag weer 'n eenheid word. En daarvoor is ek bereid om te werk. Op daardie grondslag het ek van die O.B. steun in my verkiesingsveldtog ontvang. Wanneer eendag die groot oorwinning kom, sal hulle saam met my deel in die vreugde en heerlikheid van Vryheid!"


MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.


# Op 8 Augustus Kyk Ons Vorentoe

Vir die Ossewabrandwag is 8 Augustus nie een van die baie feesdatums wat bloot tot die verlede behoort nie. Ons herdenk nie op 8 Augustus iets wat net in die verlede plaasgevind het en alleen in die herinnering voortleef nie. 8 Augustus is nie vir ons net die belewing van wat was en verby is nie . . . .

**Nee, 8 Aug. 1938 is vir die Ossewabrandwag die simboliese datum waarop 'n verknegte en verdeelde Afrikanerdom weereens, ná 'n veertigjarige rondtrekkery in die woestyn van onderlinge twis, swakheid en verval, begin voortbeweeg het om Vryheid en Eenheid ter vervulling van sy Goddelike roeping te verwerf.** Wat ons deur ons offerdade op 8 Augustus herdenk, is nie net 'n gewone datum waarop iets belangriks in ons volksverlede gebeur het nie, maar die jaarlikse betuiging van ons vasberadenheid en trou om verenigd voort te marsjeer totdat ons in vryheid ons eie nasionale en sosiale taak volbring het.

8 Augustus is vir die Ossewabrandwag die simboliese beginpunt van die nuwe beweging van ons volk op die weg van sy bestemming. Op 8 Augustus kyk ons egter nie terug nie, maar

(Vervolg op bls. 6, kol. 1)


*BASAAR!!*

Die Bellville Vroue-kommando

hou 'n

BASAAR

*vanaf 3 nm. op 31 Julie*

in die

*KERKSAAL*

VOLKSPELE

in die Kerksaal

*vanaf 8 nm. 31 Julie*




DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf Vertoning.)*

IN KAAPLAND, GEBIED A:

*Vanaf 5 Augustus tot 30 Augustus.*

Let op vir Plakate en Aankondigings in die „Die O.B." wanneer u dorp besoek word.

## OP 8 AUG. KYK ONS VORENTOE

(Vervolg van bls. 5, kol. 4)

kyk ons vorentoe na die eindpunt waarheen ons volk opnuut in beweging gekom het. Ons bring op 8 Augustus offers nie alleen uit dankbaarheid jeens God dat Hy ons volk uit die woestyn lei nie, maar ook as uiting van die volle kraginspanning waardeur ons die trek na die nuwe land van vryheid en eenheid onder Sy leiding aanvaar en voortsit.

8 Augustus sal getuig in watter mate ons reeds aangegryp is deur die gees van die Nuwe Groot Trek. Diegene wat nog wankelend en weifelend met die oog op eie belange saammarsjeer, sal hul minste kragte inspan en nog minder oortollige pennies offer omdat hul oë nog na die kante of agterwaarts gerig is. **Diegene egter wat doelbewus met die oë net op die doelpunt van die Trek gevestig is en werklik besiel is met die ideale van die Trek, diegene wat reeds leef uit die gees van volksbelang bo eiebelang, sal met die grootste kraginspanning voorttrek en alles offer. Die werklike soldaat van die Nuwe Republiek kla nooit dat hy te veel moet offer nie, omdat hy bereid is om alles te offer.** Geen offer is vir hom te groot nie. Hy is nie bang om hom ook op 8 Augustus voor die toets van sy eie gewete te stel nie.

Op 8 Augustus dink ons onwillekeurig aan ons mede-Brandwagte wat terwille van die eenheid en vryheid van hul volk hul persoonlike vryheid, hul betrekkings, hul hele inkomste, die gelukkige samesyn met hul gesin, ja alles, verloor het — hulle wat in die kampe en tronke van die Empirebewind opgesluit is. Op 8 Augustus sal ons deur ons offerdade getuig dat ons hulle nooit in die steek sal laat nie, maar die Beweging na Eenheid en Vryheid, waarvoor hulle alles opgeoffer het, sal voortsit totdat die taak volbring is. Daarvoor bring ons bereidwillig die geringe offer om net die grootsmoontlike gedeelte van ons besittings en inkomste op hierdie dag af te staan.

**Vir ons, wat bereid is om te lewe en te sterwe vir ons land en volk, is 'n geldelike offer — al sluit dit alles in behalwe daardie gedeelte wat broodnodig is vir die voorsiening in die eie tydelike behoeftes sowel as dié van die gesin — nog maar 'n geringe offer . . .**

**Op 8 Augustus kyk ons nie terug nie maar vorentoe . . .**

## KODDIGSTE VAN ALMAL

Kwaadwilliges probeer Brandwagte wysmaak dat die Ossewabrandwag nie behoorlik verslag gedoen het van die opbrengste van 8 Augustus verlede jaar nie. Daardie geld was ingesamel vir die Ossewabrandwag se EIE FONDS en nie vir die een of ander openbare trust wat hy hou nie. **Hy het dus nie nodig om aan die algemene publiek rekenskap daarvan te gee nie. Behoorlike verslag is egter in die geldelike state van elke Provinsie gedoen, terwyl Kaapland en die Vrystaat ook in Die O.B. aangekondig het wat hul opbrengs was.** Ook is kwitansies uitgereik vir elke bedrag wat ingestuur is.

Blykbaar verlang hierdie kwaadwilliges dat daar in die pers van elke pennie in besonder rekenskap gegee moet word. Dit beteken dat die Ossewabrandwag ook in die pers verslag sal moet doen van elke halfkroon wat as ledegeld opgestuur word want dit is dieselfde fonds as dié van 8 Augustus. Ons sal in plek van artikels oor beleidsake net kolomme en kolomme name in ons blad moet plaas. Daarvan sal hierdie twisters natuurlik hou! Dit kom op dieselfde neer as wanneer 'n besigheid in sy jaarverslag in besonderheid rekenskap moet gee aan wie en vir hoeveel elke jaart linne of grondboontjie gedurende die jaar verkoop is. In die jaarverslag van so 'n besigheid sal die naam moet verskyn van elke man wat daar iets gekoop het!

Hierdie beskuldiging teen die Ossewabrandwag is seker een van die gekste wat nog die lig gesien het. Ons kan net daarop wys dat die Ossewabrandwag se boeke deur 'n bekwame en bekende ouditeur nagesien word, en enige beskuldiging teen sy boekhouding is ook 'n ernstige refleksie op die ouditeur.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam, minimum 4/- per plasing. Alle geklasifiseerde advertensies is streng vooruitbetaalbaar en gelde moet advertensies vergesel. Advertensies kan gestuur word aan Posbus 1411, Kaapstad, of Posbus 4892, Johannesburg.

### GEBOORTE

**VAN SCHOOR.** — Aan Komdt. en Veldkte. van Schoor 'n fris O.B.-seun op 13 Julie. Naas God, dank aan dokter en verpleegsters. Ons spesiale dank aan mnr. en mev. Gawie Viljoen vir hulle gewaardeerde dienste.

**ROOS.** — Aan Veldkt. Gert Roos en Asst. Velkte. Marie Roos, 'n fris stormjaer-seun op 6 Julie. Naas God dank aan verpleegster. Lank lewe die Ossewabrandwag. Hertzogville.

### VERLOWING

**MULLER — ORFFER:** Veldkt. D. Muller van Esperance, Sutherland en mej. Rina Orffer van Nieuwoudtville maak bekend dat hulle op 29 Junie verloof is.

**ERASMUS — ERASMUS:** Die verlowing van mej. Suttie Erasmus, (adjudante van Bethel-Oos Vroue-Kommando) en mnr. Philip Erasmus van Leslie, het onlangs plaasgevind.

### IN MEMORIAM

**STEMMET.** — Een jaar van diepe hartseer en verlange is verby. Ons herleef weer die 23ste Julie toe ons liewe Paulie so onverwags van ons weggeneem is. 'n Kransie deurvleg met al die soete herinneringe van jou opgeruimde lewe van byna sewentien jaar in jou ouerhuis, lê ons op jou eensame graf, verlangend na jou.

Ag lief klein Paulie waar is jy?
Nou al lank in die Engele ry.
Jou skoene alleen sien ons op die kas,
Tog hoor ons jou voetstappe nag en dag,
Waarom so kort jou lewensuur?
Waarom so lank vir ons die rou?
Tog ewig dank ons God vir jou;
Want vandat jy ver van ons is geskei,
Is die hemel vir ons ook naderby.

Sy verlangende Ouers, Broers en Susters, Wakkerstroom, Robertson.

### BENODIG

BLANKE, ervare onderwyseres met ondervinding vir twee kinders graad II, volgens Regeringstelsel. Moet gesond, saggeaard en welopgevoed wees; ook lid van N.G. Kerk en O.B.-gesind. Betrekking op plaas 15 myl van Bloemfontein. Vry inwoning en alle moderne geriewe. Getuigskrifte, standaard, ouderdom en kiekie verlang. Salaris kwartaalliks. **Mev. D. Smalberger, Bus 763, Bloemfontein.**

SEKRETARIS-BOEKHOUER: Moet dienste begin op of voor 1 September 1943. Meld ondervinding en salaris verlang, met drie getuigskrifte aan: **Bosveld Ko-operatiewe Handel, Beperk, Posbus 110, Potgietersrus.**

ONGETROUDE hulp-voorman teen £3 per maand met vry inwoning. Moet kennis hê van en toesig hou oor vee, vrugte-, blomen groentetuine en pluimvee. Plaas in Paul Roux. Moet lid wees van O.B. Getuigskrif van O.B.-Kommandant 'n vereiste. Skryf aan: **J. F. v. d. Merwe, Bus 668, Bloemfontein.**

FLUKSE ongetroude blanke jongman om behulpsaam te wees op plaas met gemengde boerdery. Meld salaris verlang. Getuigskrif van O.B.-offisier 'n vereiste. Rig applikasies aan: **P. Stofberg, Bus 20 Worcester.**

ASSISTENT BOOMKWEKER. — Hardwerkende kwekeryman met praktiese kennis van Rose okkuleer, aankweek van Struike en Sierbome. Moet ook kennis dra van bestellings uitvoer. Applikasies en getuigskrifte aan: **Herholdt se Boomkwekerye, Posbus 660, Johannesburg.**

### KURSUS

KOM na Graaff-Reinet vir u Kursus in (nuwe) Volksang en Volkspele, gedurende die September-vakansie. Spesiale aandag aan onderwysers(esse) vir leiding gee en getuigskrifte. Besonderhede van: **Jan Haarhoff, Bus 115, Graaff-Reinet.**

### BASAAR EN JUKSKEI

Die Manne- en Vroue-Kommando's van Parow, nooi mede brandwagte en goedgesinde Afrikaners uit na 'n Basaar en Jukskei toernooi, wat op 31 Julie gehou sal word by die huis van Komdt. Geldenhuys, Wynnestraat 13, Parow, ter stywing van fondse vir 8 Augustus. Kom toon met die **Daad** dat u **Afrikaners** is. Bring jukskeie saam.

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.** Geniet u eie vrugte, pluk dit van HERHODLT se beroemde VRUGTEBOME, vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die Unie sowel as elders. Bestel gou en voorkom teleurstelling. WINGERDSTOKKE, SIERBOME, BLOMSTRUIKE, ROSE, ens. Duisende tevrede klante, vir u wag dieselfde! Geillustreerde KATALOGUS gratis aan planters.

### TE KOOP

UP-TO-DATE aartappelmoere, tweede van ingevoerde; goed en gesond, 15/- per sak. **S. P. v. d. Walt, Voëlfontein, P.K. Wildfontein.**

UITGESOEKTE vars tafelaartappels teen 15/- per sak, gelewer Plathuis-spoorhalte. K.M.B. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

LEMOENE. — Nawels 2/3 per sakkie vir nie minder as 5 sakkies nie. Pomelos en lemmetjies 2/6. K.M.B. **H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.**

BAIE goeie, gesonde King of Early en Epicure aartappelmoere. Eiergrootte 20/-, Okkerneutgrootte 17/6, kleinere 15/-, V.O.S. Petrusburg-stasie. K.M.B. **D. J. de Kock, Uitkyk, P.K. Petrusburg.**

**BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel. 22/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

BESTE kwaliteit heuning-tee, 93 pond sak 20/-, 50 pond 12/6, 25 pond 6/-. Vars aartappels, 14/- per sak. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: **R. Barnard, Langhoek, Grootbrakrivier.**

AARTAPPEL-MOERE, ARRAN-CHIEF. — Hansmoeskraal Saadaartappelkwekersvereniging, bied aan Goewernements-gesertifiseerde moere met A sertifikaat teen 25/- per sak 153 pond V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by: **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

DAGOUD KUIKENS — Wit Leghorns, Australorps, Rhodes, Orpingtons en Leghornkruising. Almal teen £6 per 100. Besonderhede van **J. S. Viljoen, Posbus 183, Bethlehem.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbank, Bloemfontein.**

**S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk., waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: Voortrekkerweg, Maitland.**

**DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

### *RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: **J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.**

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .*

Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie; Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

**G. C. du Plessis en Kie.**
**Môremark, JOHANNESBURG.**
Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."
Skryf om besonderhede en adreskaartjies.
Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.

116 Takke 44,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £113,000
**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.

**Volkspele**
GROOT VOLKSPELE-AAND
in die
*Goodwood-Kerksaal*
op
*VRYDAGAAND*
*30 Julie 1943*
om 8 n.m.

**O.B.-FONDSDAG**
*Saterdag, 31 Julie 1943*
(In Banketsaal)
STELLENBOSCH
**Verrigtinge begin 9.30 vm.**
(1) Toespraak: Genle. mev. dr. J. S. du Toit.
(2) BASAAR: Volop Groente, Vleis, ens.
(3) Volkspele, Boeresport, Musiek, ens.
(4) O.A.: Middagete 12.30 n.m. Aandete 6 n.m.
Verversings sal verskaf word. (Bring Eetgereedskap saam).
(5) Aandprogram deur Studente-Kommando's.
Alle Nasionaalgesindes baie Welkom.

'N
**GULDE GELEENTHEID**
**IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD**

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

**EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.**

Die Sekretaris — Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. — JOHANNESBURG.
Stuur u prag-brosjure asseblief aan
M ....................................................................
....................................................................